
GOD SE PLAN
deur die eeue
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Ons het by Abraham begin, toe kyk ons na Moses, toe kyk ons na die hele geskiedenis tot by die Rigters, toe kyk ons na Daniël, en vandag gaan ons by Jesus begin.**

**Gaan kyk na verlede week se sessie ook.**

**Die hele storie van die Bybel gaan oor Jesus.**

**Jesus is sentraal - nie net in die Nuwe Testament nie, maar Hy is sentraal deur die HELE Bybel..**

Direk na die val van die mens toe sonde in die wêreld in gekom het, het die Here in Genesis 3:15 gesê:

"15Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou,

tussen jou nageslag en haar nageslag.

Haar nageslag sal jou kop vermorsel

en jy sal hom in die hakskeen byt.”

Alles wat gebeur het en almal wat God gebruik het vir Sy Groot plan wys na Jesus, die een wat ons FINAAL sal red.

Ons gaan vanoggend na 'n storie kyk wat direk na Jesus se redding vir die wêreld gaan wys.

**Die Israeliete was vir 430 jaar lank in Egipte slawe, en die Here roep vir Moses deur 'n brandende bos om Sy mense te verlos.**

**Moses gaan 10 keer na die farao toe om te vra dat hy die Israeliete sal laat gaan, en elke keer sê hy nee.**

**Maar die laaste keer, het die Here die ergste plaag laat gebeur. Al die eersgeborenes gaan sterf.**

**Die verskil tussen die twee (Egiptenare & Israeliete) is, die Here het vir die Israeliete gesê presies wat hulle moet doen om hierdie verskriklike straf vry te spring... Deur die bloed van 'n lam...**

# Pasga (10de plaag) en Jesus se kruisiging…

# Die paralelle tussen die twee gebeure is treffend…





# DIE TYD…

**Die Jode het elke jaar op presies dieselfde tyd Paasfees gevier, in herdenking daarvan dat hulle uit Egipte bevry is...**

**+-1476 jaar na Israel bevry is uit Egipte, vier die Jode weer Paasfees, en op hierdie Paasfees is dit wanneer Jesus gekruisig is...**

Eksodus 12:14 “Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees. Julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier. Vir julle nageslag moet dit 'n vaste instelling wees wat hulle moet vier."

Matteus 26:1-2: "1Nadat Jesus oor al hierdie dinge klaar gepraat het, het Hy vir sy dissipels gesê: 2“Julle weet dat dit oor twee dae paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.”

**Die tyd wanneer die Jode hulle paaslammers begin slag het was die tyd wanneer Jesus gekruisig was…**

**Jesus is op die Paasfees gekruisig… Die Jode vier Paasfees omdat hulle lewens gered was en hulle verlos was uit Egipte. Ons vier Paasfees omdat Jesus ons finaal verlos het van ons sondes en ons gered het van die dood.**

# DIE VLEKKELOSE LAM…

Toe die Here vir die Israeliete die riglyne vir die paasfees gee, het Hy gesê hulle moet 'n lam sonder gebrek, 'n vlekkelose lam slag vir die fees.

In die Nuwe Testament lees ons op baie plekke dat Jesus die Vlekkelose Lam is.

# GEEN BENE IS GEBREEK NIE…

Eksodus 12:46 **"Geen been van die paaslam mag gebreek word nie."**

Johannes19:32-33 “31Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word. **32Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is. 33Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.”**

# DIE HISOPTAKKIE…

Eksodus 12:21-22 “21Moses het toe al die leiers van Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Gaan vang vir julle gesinne elkeen 'n lam uit en slag die paaslam! **22Neem 'n bossie hisop**, doop dit in 'n bak met bloed en smeer die bloed aan die bokant en die sykante van die deurkosyn.”

Johannes 19:29-30 “29Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n **hisoptakkie** gesit en dit teen sy mond gehou. 30Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!”

Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.”

# DIE BLOED VAN DIE PAASLAM…

**Hulle moes die lam se bloed aan hulle deur kosyne verf om die dood van die doodsengel vry te spring.**

**Jesus is die perfekte paaslam wat SY bloed gestort het sodat almal wat onder Sy bloed staan, almal wat in Hom glo en skoon gewas is van sonde deur Sy bloed, en vergewe is, het die ewige dood vry gespring, en Hy gee vir ons die ewige lewe, omdat Hy in ons plek gesterf het...**

# WIE HET DEEL AAN DIE PAASFEES?

**Eksodus 12:43&48** “43Die Here het vir Moses en Aäron gesê: “Dit is die voorskrifte in verband met die paasfees: geen nie-Israeliet mag daarvan eet nie;  48Die vreemdeling wat jou beskerming geniet en die paasfees van die Here wil vier, moet besny word, hy en al die mans en seuns by hom. Dan eers is hy soos 'n gebore Israeliet en kan hy daaraan deelneem. Iemand wat nie besny is nie, mag nie daarvan eet nie.”

**Efesiërs 2:18-19** “18Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

19Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.”




fresh
NES JY IS, WAAR JY IS